Roné Wierenga
Roné Wierenga is projekbestuurder en taalkundeskrywer vir die Virtuele instituut vir Afrikaans (VivA). Naas hierdie rolle is sy ook werksaam by die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde (DBAT) en die Digitale Bibliografie van die Afrikaanse Letterkunde (DBAL). Sy dien tans op die Afrikaanse Taalkommissie se adviespaneel en speel sedert 2021 'n koördinerende rol in die navorsingsinisiatiewe van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en Internasionale Vereniging vir Afrikaans (IVA). In 2021 verwerf sy ’n Meestersgraad in Linguistiekteorie aan die Noordwes-Universiteit. Haar navorsing fokus op diachroniese, beskrywende taalkunde, sintaksis, en korpuslinguistiek. Haar belangstellings sluit egter fonetiek en fonologie, taalverandering, digitisering en variasietaalkunde in, en sy onderneem tans 'n PhD waarin kognitiewe linguistiek en konstruksiegrammatika sentraal staan tot 'n beskrywing oor die variëteite van Afrikaans.
rone.pink@gmail.com